$5\frac{1}{7} + \frac{3}{28}$	$\frac{11}{18} + 9\frac{1}{6}$	$8\frac{3}{4} + 5$	$5 + 2\frac{3}{4}$
$2\frac{1}{5} + 4\frac{2}{5}$	$2\frac{11}{12} + 3\frac{3}{4}$	$5\frac{1}{4} + 3\frac{1}{2}$	$5\frac{1}{7} + 4\frac{10}{11}$

1. Optelling van tiendes, met oordraging na ene.

2. Optelling van tiendes en honderdstes met oordraging na tiendes.

3. Optelling van tiendes en honderdstes met nulle in die tiendes-kolom en oordraging na tiendes.

4. Optelling van ene en tiendes met oordraging na die ene-kolom.

5. Optelling van ene, tiendes en honderdstes met alternatiewe oordraging.

6. Optelling van T, E, t, h, d, met alternatiewe oordraging.

7. In hierdie som moet die proefpersoon die syfers in die regte kolomme meerskrywe.

1. Tiendes - tiendes. Geen ontbinding
nie.

2. Honderdstes - honderdstes.
Nulle in tiendes-kolom Geen ontbinding
nie.

3. Ontbinding van ene.

4. 'n Nul moet in honderdstes-kolom van
aftrektal ingevul word. Ontbinding van
tiendes.

5. Nulle in aftrektal. Ontbinding.

6. Nulle ontbreek in aftrektal. Nulle kom
in aftrekker voor. Ontbinding.

7. Proefpersoon moet syfers in regte kolom plaas.

8. Proefpersoon moet die grootste getal
bo die kleinste neerskrywe.

9. Proefpersoon moet die grootste getal bo die
kleinste neerskrywe.

Diagnostiese Toets No. 26.Aftrek: Tiendelige Breuke, sts. IV en V.

Trek af:

.6

.2

.05

.03

5.32

.19

.4

.23

2.005

.174

.5

.007

4.625 - 3.2

Neem 5.6 van 45. weg.

Van .7 trek .072 af.

1. Breuke x heles. Oordraging alleen in
c en d.

2. Gemengde getalle x heles. Oordraging
alleen in c en d. Nul-moeilikhede
in b en d.

3. Gemengde getalle x heles. Nul-moeilikhede
in a, c en d. Vermenigvuldiger bevat
tiene in c en honderde in d.

4. Breuke x breuke. Nul-moeilikhede in b.

5. Gemengde getalle x heles wat tiene en ene
insluit; gemengde getalle x desimale
breuke met tiendes en honderdstes, en
gemengde getalle x gemengde getalle.

Diagnostiese Toets No.27.Vermenigvuldiging: Tiendelige Breuke, sts.IV en V.

Vermenigvuldig:

a.	b.	c.	d.
$.3 \times 3.$	$.003 \times 3.$	$.3 \times 6.$	$.003 \times 8.$
$2.3 \times 3.$	$6.003 \times 3.$	$5.3 \times 6.$	$6.02 \times 7.$
$8.206 \times 9.$	$7.143 \times 8.$	$2.5 \times 10.$	$1.07 \times 200.$
$.3 \times 6.$	$.004 \times .8$		
$305.07 \times 26.$	$16.7 \times 38.$	$16.9 \times .42$	13.2×5.01

1. Deling deur ene. In a en b deel die deler in elke syfer in, in c en d vind oordraging van oorblyfsels plaas.

2. Nul-moeilikhede.

3. Deling deur tiene en ene.

4. Deling deur tiendelige breuke en gemengde getalle.

Diagnostiese Toets No. 28.Tiendelige Breuke, sts. IV en V.Deel:

a.

b.

c.

d.

$2/\sqrt{4.62}$	$3/\sqrt{3.609}$	$7/\sqrt{.861}$	$7/\sqrt{17.5}$
$6/\sqrt{.36}$	$6/\sqrt{3.}$	$5.6 \div 100.$	$.06 \div 1000$
$23/\sqrt{55.2}$	$19/\sqrt{214.7}$	$50/\sqrt{4.}$	$73.4 \div 20$
$.42 \div .6$	$1.21 \div .11$	$27.6 \div .12$	$3.78 \div 1.4$

(d) 'n Ondersoek van die toetsreeks toon dat die volgende prinsipes aan die toets ten grondslag lê:-

Eerstens is die toets so saamgestel dat die rekenmoeilikhede van groepe en afsonderlike proefpersone in die kortste moontlike tyd deur middel van hulle vasgestel kan word.

By die diagnose van moeilikhede met die vier hoofbewerkings met onbenoemde getalle word die sleuteltoets eerste gebruik. Die sleuteltoets toon dan in watter werkprosesse die moeilikhede van die groep of die individuele persoon met betrekking tot die hoofbewerking wat in die toets voorkom geleë is. Daarna word die nodige subtoets gebruik om uit te vind met watter besondere moeilikhede in die betrokke werkprosesse die groep of die proefpersoon sukkel. Die volgende voorbeeld sal die prosedure verduidelik:-

In rye 1 en 2 van toets 6 is optelsumme waarin daar geen oordraging met die optelling plaasvind nie. As die proefpersone hulle nie kan doen nie, dan is die onvermoë meestal te wyte aan 'n gebrekkige kennis van die optelverbindinge. In so'n geval word toets 1, 2 en 3 wat kennis van die optelverbindinge toets, aan die proefpersone gestel en so word presies vasgestel met watter spesifieke optelverbindinge die proefpersone onbekend is.

As die proefpersone rye 1 en 2 sonder foute doen, maar ry 3 vir hulle moeilikhede oplewer, dan sal 'n studie van die gedane somme gewoonlik toon dat die proefpersone die besyfering telsel nie goed verstaan nie met die gevolg dat hulle kennis van die plekwaardes van syfers gebrekkig is en dat hulle dus nie weet wat om te doen nie as hulle ná optelling by die ene-kolom 'n getal groter as 9, soos bv. 14, kry. Met ander woorde die proefpersone is nie bekend met die oordragingsmetode wat by optelling gebruik word nie. 'n

Subtoets ...

Subtoets is nie nodig om hierdie feit verder vas te stel nie; die sleuteltoets sal dit afdoende aandui.

Word dit gevind, deur middel van sleuteltoets No. 6, dat sekere proefpersone die optelverbandings en die oordragingsmetode ken maar dat hulle bv. foute begaan met som 9d, dan toon dit aan dat die proefpersone waarskynlik moeilikhede met kolomoptelling ondervind. Toets 5 sal nou weer aan die lig bring waarom die proefpersone nie suksesvol is met die optelling van 'n kolom syfers nie. Dit mag wees dat 'n proefpersoon se aandag afdwaal nadat hy 3 of 4 syfers saamgetel het of dat hy onstelselmatig met sy optelling te werk mag gaan. Die selfde toets sal ook vasstel watter lengte kolom syfers die proefpersoon wel suksesvol kan optel.

Vir die diagnose van moeilikhede met die vier hoofbewerkings met gewone en desimale breuke is geen subtoetse saamgestel nie, omdat die sleuteltoetse, nommers 21 tot 28, voldoende is om die moeilikhede te diagnoseer, ver naamlik wanneer die klasdiagnose deur 'n individuele diagnose van die moeilikhede van die swakker proefpersone gevolg word.

Tweedens is die toetse so saamgestel dat die maklikste som aan die begin en die moeilikste een aan die einde van elke toets staan; met ander woorde, die inherente moeilikhede neem gedurig en gestadig toe van die eerste tot die laaste som van elke toets.

Die somme is ook so gekies dat al die moeilikhede met elke bewerkingsproses wat in die getoetste hoofbewerkings mag voorkom, deur hulle vasgestel kan word. Geen enkele subproses word uit die somreeks van die toetse uitgelaat nie.

Derdens is die toetse so saamgestel dat die proefpersone sonder moeite en met 'n groot mate van spoed gegroepeer kan word volgens die moeilikhede wat hulle met die sleuteltoetse ondervind, sodat aan elke groep die spesifieke remediërende

werk wat dit nodig het, sonder versuim gegoe kan word. Die eenvoudigste metode vir hierdie groepering is waarskynlik die volgende:- Na afloop van die toets word die antwoorde nagesien en die verkeerde somme met 'n kruisie gemerk. Die proefnemer lê dan 'n strokie papier van omtrent 4 duim breed en so lank as die toetspapier regaf langs die regterkant van die beskrywing van die somme van die sleuteltoets wat hy aan die proefgroep gestel het. Hy skryf die nommer van die toets be-aan die strokie papier terwyl die nommer van elke ry somme onderaan regoor die nommer wat voor die beskrywing van elke ry staan, geskryf word. Daarna trek hy strepe dwarsoor die strook papier in lyn met die strepe onder die beskrywing van elke ry somme. Nou is sy tabel gereed.

Die nagesiene toetsantwoorde word daarna aan hul eienaars teruggegee. Die toetse wat die proefpersone beantwoord het, bevat nie die beskrywings waaroor die proefnemer beskik nie. Die proefnemer lees nou die nommers van die som-rye van die sleuteltoets af, en dié proefpersone wat een of meer somme in 'n ry verkeerd het, sê hulle klasnommers en dié skrywe die proefnemer neer op die strokie papier langs die nommer van elke som-ry. Dit stel die proefnemer in staat, om 'n voorlopige groepering te maak. Gewoonlik vind hy nou dat hy te veel groepe het en dat dieselfde klasnommers soms in al die groepe voorkom. Elke proefnemer kan dan na omstandighede die groepe so saamvoeg dat dit moontlik is om remediërende werk met sukses te doen. 'n Voorbeeld hiervan word beskrywe in hoofstuk V wat oor die remediëring van die moelikhede van die proefpersone handel.

Die metode waarvolgens die toetsreëls saamgestel is, maak groepering na 'n diagnose van die moelikhede van individuele proefpersone oorbodig. Nadat die sleuteltoetse so antwoorde...

se antwoorde nagesien en die verkeerde somme met kruisies gemerk is, hou die proefnemer die beantwoorde toets net regs langs die ooreenkomstige beskrywing van die somme. Hy kan dan dadelik afloes met watter bewerkingsprosesse die proefpersoon onbekend is.

(5) Hoe die Rekenmoeilikhede van die Proefgroepe gediagnoseer is:

(a) Soos reeds aangetoon is, het die toetsing met die Milne-toetse bo alle twyfel bewys dat die sts. III-, IV- en V-klasse remediërende werk nodig gehad het. Voordat die proefnemer 'n aanvang kon maak met die diagnose van die rekenmoeilikhede van die proefgroepe, moes hy eers besluit watter diagnostiese toetse aan elke afsonderlike groep gestel sou word. Die proefnemer se doel was om, sover moontlik, alle fundamentele moeilikhede van die proefgroepe vas te stel en te ontleed. Die toetsing van elke groep moes egter tot die minimum beperk word, want 'n oorlaaide toetsprogram sou waarskynlik meebring dat die proefpersone later nie meer hul beste werk tydens toetsing lewer nie. 'n Toets moes dus nie aan 'n groep gestel word indien 'n groot gedeelte van die groep nie in staat sou wees om dit te beantwoord nie.

Die leerplanne en die werkverslae van standerds III, IV en V van die proefskool is toe geraadpleeg en daaruit is die volgende informasie verkry. Die dommer st. III-klas het nog nie werk met gewone breuke gedurende die afgelope halfjaar behandel nie, en 'n studie van tiendelige breuke kom nie in die st. III-leerplan van Transvaal voor nie ⁽¹⁾. Beide die st. IV-klasse het reeds die vier hoofbewerkings met gewone breuke behandel, maar het nog nie begin om tiendelige

(1) Transvaalse Onderwysdepartement: Voorgestelde Leerplanne vir Grade - Standerd VIII, 1948, 92-97.

breuke te leer nie. Die leerlinge van die twee st. V-klasse het reeds die hoofbeworkings met beide gewone en tiendelige breuke geleer. Met al die leerlinge van sts. III, IV en V, was die vier hoofbeworkings met onbenoemde heelgetalle ookal behandel. Alvorens egter presies besluit kon word watter toetse elke groep sou doen, moes die verdere verloop van die toetsprogram oorweeg word.

(b) Oorspronklik het die proefnemer bedoel om die diagnostiese toetse slegs vir die vasstelling van rekenmoeilikhede te gebruik; maar die volgende omstandighede het hom egter genoodsaak om hulle ook vir 'n ander doel aan te wend. Om later te bepaal of die proefneming 'n voor- of nadelige uitwerking op die proefpersone gehad het, sou dit noodsaaklik woes om die kennis van die fundamentele bewerkings waaroor die remediërende werk sou handel, van beide die proef- en kontrolegroepe van elke standaard aan die begin en aan die einde van die proefneming vas te stel. Vir 'n begin- en eindmeting van al drie standerds so kennis van die hoofbeworkings met onbenoemde heelgetalle was die Milne-toets geskik en dit is dan ook daarvoor gebruik, maar die proefnemer het dit nie goed geag om die Milne-toets wat bevoegdheid met meganiese bewerkings meet, te gebruik om die begin- en eindkennis van die st. IV- en V-klasse in verband met die hoofbeworkings met gewone en tiendelige breuke vas te stel nie omdat die meeste van die 30 somme van die toets nie oor die fundamentele kennis van die hoofbeworkings met gewone en tiendelige breuke handel nie. Vorm A bevat slegs 3 somme wat die kennis van die hoofbeworkings met gewone breuke en slegs 7 wat die fundamentele kennis van tiendelige breuke vasstel, terwyl vorm B net een van eersgenoemde som soort en 6 van laasgenoemde insluit ⁽¹⁾.

(1) Milne: The Use of Scholastic Tests, 38, 39, 54, 55.

Dit is dus nie alleen omdat die toets so min gewone en desimale breuksomme bevat dat die proefnemer dit nie vir die meting van bekwaamheid met die hoofbewerkings van beide breuksorte gebruik het nie, maar ook omdat die aantal gewone en tiendelige breuksomme van vorms A na B verskil. Geen ander gestandaardiseerde maatstaf kon in die plek daarvan gebruik word nie omdat so'n maatstaf nog nie vir die Transvaal gestandaardiseer is nie, 'n Maatstaf moes egter vir die nodige kennismeting gevind word en toe is besluit om diagnostiese toetse nos. 21 tot 28 aan te wend om die verhouding met die fundamentele bewerkings met gewone en tiendelige breuke vas te stel. Die diagnostiese toetse in verband met gewone en tiendelige breuke is dus beide vir diagnose- en kennismetingsdoeleindes gebruik, en om die rede is hulle nie alleen slegs aan die proefgroepe nie, maar ook aan die kontrolegroepe gestel, beide aan die begin en aan die einde van die diagnoseprogram. Die toetse wat moeilikhede met die hoofbewerkings met onbenoemde getalle blootlê, is egter net eenmaal, en slegs aan die proefgroepe, gestel omdat hulle uitsluitend vir diagnosesdoeleindes gebruik is.

Op grond van die genoemde omstandighede het die proefnemer toe die toetsprogram soos volg voortgesit:- Eers het die st. III-, IV en V-proefgroepe alleen die toetse gedoen het wat moeilikhede met die hoofbewerkings met onbenoemde heelgetalle diagnoseer. Daarna het die proef- en die kontrolegroepe van die st. IV-klas die toetse in verband met gewone breuke beantwoord, terwyl beide die proef- en die kontrolegroepe van die st. V-klas met die diagnostiese toetsreeks vir gewone en desimale breuke getoets is.

(c) Al die diagnostiese toetse is deur die proefnemer selfs aan die afsonderlike groepe gestel,

Die toetse.,

Diagnostiese Toets No. 24.

Deling: gewone breuke. sts. IV + V.

Deel.	a.	b.	c.	d.
$3 \div 7$	$4 \div 12$	$13 \div 3$	$15 \div 6$	
$4 \div \frac{8}{11}$	$7 \div \frac{21}{25}$	$\frac{5}{6} \div 6$	$\frac{10}{11} \div 5$	
$\frac{2}{11} \div \frac{5}{8}$	$\frac{3}{5} \div \frac{3}{2}$	$\frac{5}{12} \div \frac{5}{12}$	$\frac{28}{33} \div \frac{4}{11}$	
$5\frac{1}{7} \div \frac{3}{28}$	$\frac{11}{18} \div 9\frac{1}{6}$	$8\frac{3}{4} \div 5$	$5 \div 2\frac{3}{4}$	
$2\frac{1}{5} \div 4\frac{3}{5}$	$2\frac{11}{12} \div 3\frac{3}{4}$	$5\frac{1}{4} \div 3\frac{1}{2}$	$5\frac{1}{7} \div 4\frac{10}{11}$	

Die toetse was deur middel van 'n Gestetner op folio-papier afgerol. Die somme is só op die papier versprei dat die proefpersone genoeg ruimte gehad het om die bewerking van al die somme volledig op die toetspapier te toon; maar ook só dat die toetspapier net langs die proefnemer se beskrywing van die somme kon gehou word sodat hy sonder meer kon aflees watter soort somme 'n proefpersoon verkeerd gedoen het, want die toetse wat aan die proefpersone gestel is, was nie voorsien van sombeskrywings nie. Die wasvelle waarvan die af-drukke gemaak is, is deur die proefnemer geskryf en nie getik nie sodat die proefpersone voldoende ruimte gehad het om hulle bewerkingsyfers in die regte kolom te hou. Een van die toetse word hier aangeheg as 'n voorbeeld.

Vanaf die begin van die tweede Skoolweek is smorens na die opening van die skool om 8 uur dadelik 'n aanvang gemaak met die diagnostiese toetsing. Die toetsing van groepe is nooit later as 11 v.m. voortgesit nie. Geen proef-groep of proefklas het langer as die gewone rekenkundeperiode van 45 minute aan die toetse gewerk nie.

Die toetse met onbenoemde heelgetalle is aan elke proef-groep afsonderlik gestel; dié wat moeilikhede in verband met gewone breuke diagnoseer, is eers aan die st.IV-proef- en kontrolegroepe tesame en later aan die gekombineerde proef- en kontrolegroepe van st.V gegee; terwyl die tiendelige breuktoetse daarna aan beide st.V-groepe tesame gestel is. Al die diagnostiese toetse is aan die begin van die proef-tydperk gestel, alvorens met remediërende werk begin is.

Die toetse is volgens die metode wat in die bespreking van hul prinsipes aanbeveel word, gestel. Op elk van die eerste vier skooldae van die tweede skoolweek is een van die vier sleuteltoetse wat moeilikhede met die hoofbewerkings met onbenoemde heelgetalle diagnoseer, aan die proefgroepe van st. III..

(1)
 st. III, IV en V afsonderlik gestel . Op die Vrydag van die tweede week is beide die optel- en die aftrektoetse met gewone breuke eers aan die st. IV-proef- en kontrolegroepe gesamentlik en daarna aan die st. V-proef- en kontrolegroepe gekombineerd gestel, en die Maandag van die derde week het gesamentlike proef- en kontrolegroepe van die st. IV- en V-klasse afsonderlik die vermenigvuldig- en die deeltoetse met gewone breuke beantwoord; terwyl die gekombineerde st. V-proef- en kontrolegroepe al die tiondelige breuktoetse op die Dinsdag gedoen het.

Nadat die sleuteltoetse nagesien en die proefpersone voorlopig volgens hul moeilikhede groepeer is volgens die manier wat in die toetsprinsipes beskryf word, is die oorblywende drie dae van die derde week gebruik om die subtoetse van die toetsreeks met onbenoemde hoelgetalle aan die proefpersone van sts. III, IV en V, wie se moeilikhede onvolledig deur die sleuteltoetse gediagnoseer is, te stel. Soos later^o in hierdie hoofstuk beskryf is, het die proefnemer ook 'n individuele ondersoek na die rekenmoeilikhede van 4 proefpersone uit elke proefgroep op daardie drie dae en op die volgende twee skooldae gedoen.

Voordat die toetse aan die proefpersone uitgegee is, het die proefnemer hul klasnommers aan die proefpersone bekend gemaak. Dieselfde klasnommers moes dwarsdeur die proeftydperk deur die proefpersone gebruik word.

Die volgende instruksies is aan die proefpersone gegee voordat die toetse aan hulle uitgedeel is:- „Voor elkeen van julle sal 'n toetspapier met die blanko gedeelte na bo neergesit word. Julle moet nie aan die papier raak voordat julle die bevel daartoe kry nie. Die toetse word so uitgedeel dat

(1) Twee persone wat langsmekaar sit, het nie dieselfde bewerking gedoen nie. Kyk instruksies.

twee persone wat langs mekaar sit, nie dieselfde bewerking doen nie. As die een 'n opteltoets doen, sal die ander 'n aftrektoets voor hom hê, ens. Bo-aan hulle toetse staan geskrywe wat julle moet doen. Kyk goed daarna voordat julle begin werk.

„Goen vrae mag aan 'n maat of aan die proefnemer gestel word nie. Geen hulp sal deur die proefnemer verleen word nie. Hulp mag ook nie van 'n maat verkry word nie, Julle moet nie praat terwyl julle die toetse doen nie.

„Julle sal soveel tyd kry as wat julle nodig het om die somme te doen, maar ingeval persone nie weet hoe om die somme te doen nie, moet hulle papiere ingelewer word sodra dié persone wat die somme kan doen, klaar is.

„As julle 'n som nie kan doen nie, probeer die volgende een. Potlode word verskaf om die somme mee te doen. Julle moet egter nie uitvee nie, maar verkeerde syfers of somme moet deurgehaal en die regte langsaan of bo-op neergeskryf word. Behalwe met die subtoetse waar geen bewerking getoon word nie, - en in so'n geval sal julle altyd vooraf gesê word - moet die bewerking van elke som volledig neergeskryf word op die toetspapier in die ruimte waarin die som geskryf staan. Geen somme moet agterop die toetspapier, op die bank of op 'n los stuk papier uitgewerk word nie.“
 Nou word die toetspapiere en die potlode uitgedeel. Daarna gaan die instruksie voort: „Neem nou jou potlood en die toetspapier. Moenie die toetspapier omdraai nie. Skryf jou Naam en Van, jou klasnommer, jou standerd en vandag se datum agterop die toetspapier“, Nadat dit gedoen is: „Draai die toetspapier om. Kyk goed of jy moet optel of aftrek (of vermenigvuldig of deel, al na die geval mag wees) en begin te werk.“

Terwyl die proefgroepe die toetse gedoen het, het die proefnemer noukeurig opgelet of die proefpersone uiterlike tekens van moontlike verkeerde werkgewoontes openbaar. Op

dié wyse kon die proefnemer vasstel dat tenminste 25% van die proefpersone blykens uiterlike tekens, tel wanneer hulle moet optel. Selfs aftrekking is deur terugtelling gedoen. Vingere, op- en afbeweging van die voet, heen-en-weer swaaiing van die tong, oogbewegings en selfs kantel met die lyf is gebruik om met die telling behulpsaam te wees. Een st. III-dogter het telkens haar regterhand geweldig geskud wanneer sy 'n som nie kon baasraak nie. Tenspyte van die instruksies wat aan die proefpersone gegee is, het sommige van hulle op stukkies papier, andere op die agterkant van die toetspapier en party selfs op die bank, die somme uitgewerk en dan net die antwoorde neergeskryf. 'n Paar proefpersone kon eenvoudig nie werk as hulle lippe nie beweeg en hulle nie daarby 'n soort van bromgeluid gemaak het nie. By ondervraging het hulle beweer dat hulle 'n beter voorstelling van getalle op die manier kry. Vir die proefnemer het dit voorgekom asof die meeste van hierdie uiterlike tekens die gevolg van verkeerde werkgewoontes was en hy het dus met die subtoetse wat later gegee is asook met die individuele ondersoek wat daarop gevolg het, verder vasgestel waarom die proefpersone dié gewoontes aangeleer het. Dit word kortliks bespreek aan die einde van hierdie hoofstuk tesame met ander redes vir die rekenmoelikhede.

(d) Al die toetsantwoorde is deur die proefnemer self nagesien. 'n Verkeerde som is met 'n kruis gemerk, en 'n simbool wat die soort fout of foute aandui wat met die som gemaak is, is langsaan geplaas. Dit sou die uiteindelijke klassifikasie van die moelikhede vergemaklik. Aan die somme met onbenoemde heelgetalle is geen punte toegeken nie omdat hulle alleen met die oog op diagnostiese doeleindes gestel is, maar aan elke som wat in die gewone en tiendelige breuktoetse reg gedoen is, is 1 punt toegeken, en geen punte as die som verkeerd was nie. Dit moes gedoen word omdat hierdie

toetse met die oog op beide diagnostiese doeleindes en die meting van bedrewenheid met die betrokke bewerkinge gebruik is. Die diagnostiese toetsuitslae is nie aan die onderwysers of hoof van die proefskool bekend gemaak nie.

(e) Nadat die toetsantwoorde nagesien is, is die proefpersone gegroeppeer volgens die moeilikhede waarmee hulle gesukkel het. By die groepering is gebruik gemaak van die metode wat beskryf is in die bespreking van die prinsipes wat in die diagnostiese toetse inbegrepe is. Alhoewel die voorlopige groepering soms tot 9 groepe opgelewer het, kon die proefnemer weer die proefpersone hergroepeer om nooit meer as 3 of hoogstens 4 groepe in elke proefgroep vir remediërende werk te hê nie. Die volgende voorbeeld sal die prosedure van hergroepeerings vir remediërende werk verduidelik. Nadat die st. III-proefgroep voorlopig gegroeppeer is volgens hul moeilikhede met die optelling van onbenoemde heelgetalle, en die groeperingstabel langs die beskrywing van die somme van die toets gehou is, het dit daar soos volg uitgegelyk:-

Tabel 11 ***

Tabol II.Diagnostiese Toets No. 6.Tel op: st. III-proefpersone.

1. T.E. 2 getalle; geen oordraging nie, nul-verbindings in e en c.	1. S 34, M 32.
2. T.E. 3 en 4 getalle; geen oordraging met nul-verbindings in e en d nie.	2. S 19, 34, M 3.
3. T.E. 2 getalle; oordraging ook na honderde in d en e.	3. S 8, 9, M 32.
4. T.E. 3 en 4 getalle; oordraging ook na honderde in e en c.	4. S 8, 9, 10, 29, M 3, 8.
5. H.T.E. en D.H.T.E. 2, 3 en 4 getalle; geen oordraging nie; nulverbindings in b en d.	5. S 29, M 8.
6. H.T.E. 2 getalle; oordraging ook na duisende in d en c.	6. S 10, 20, M 3, 8, 14, 18.
7. H.T.E. 3 en 4 getalle; oordraging ook in nul-kolom in d.	7. S 14, 19, 20, M 7, 18, 26, 32.
8. D.H.T.E. 2 getalle; oordraging b in nul-kolom, a in leë plek, d deur tiene te voltooi, e deur oordraging.	8. S 8, 16, 29, M 3, 6, 7.
9. D.H.T.E. 3 en 4 getalle; oordraging: a alternatief, b in nul-kolom in, c nul-verbindings, d oordraging by D.T.E., e nul-verbindings met oordraging in nul-kolom in.	9. S 8, 32, M 3, 6, 7, 8, 14, 18, M 21, 26.

Proefpersone, S 25 en M 27, het geen gewone moeilikhede met optelling van heelgetalle ondervind nie, en S 13, M 12 en M 23, was tydens die toets afwesig.

Die 9 rye somme van toets no. 6 diagnoseer tesame met 3 hoofsoorte optelmoeilikhede; rye 1, 2 en 5 toon moeilikhede met getalverbindings; rye 3, 4, 6, 7 en 8 stel moeilikhede met die tegniek van oordraging vas; terwyl ry 9 moeilikhede met kolomoptelling aandui.

As die nommer van 'n proefpersoon dus regoor rye 1, 2 of 5 in tabel 11 staan, dan het die proefpersoon moeilikheid met optelverbindings; is die nommer van die proefpersoon regoor rye 3, 4, 6, 7 of 8, dan ondervind die proefpersoon moeilikhede met oordraging, en as die nommer regoor ry 9 staan, beteken dit dat die proefpersoon moeilikhede met kolomoptelling ondervind.

Die proefnemer kon dus die proefpersone in 3 groepe verdeel volgens die 3 hoofmoeilikhede. Die volgende tabel toon die verdeling aan:-

Tabel 12.

Moeilikhede.	Nommers van die proefpersone.	
A. Met optelverbindings.	S. 19, 29, 34.	M 3, 8, 32.
B. Met oordraging.	S 8, 9, 10, 14, 16, 19, 20, 29.	M 3, 6, 7, 8, 14, 18, 26, 32.
C. Met kolomoptelling.	S 32.	M 3, 6, 7, 8, 14, 18, 21, 26.

Uit die tabel is dit duidelik dat sekere proefpersone slegs met optelverbindings, andere slegs weer met oordraging en 'n paar slegs met kolomoptelling moeilikheid ondervind; maar die meeste proefpersone het meer as een soort moeilikheid ondervind soos aangedui word wanneer dieselfde nommer in meer as een ry van tabel 11 staan. As 'n proefpersoon moeilikheid met beide optelverbindings en oordraging ondervind, kan die proefpersoon nie optel nie.

Sulke proefpersone moet saam gegroep word in 'n groep wat met optelling as geheel sukkel.

Behalwe die moeilikhede wat spesifiek tot kolom-optelling beperk is, kom moeilikhede met optelverbindings en oordraging ook daarin voor. Dit sal dus alleen kan afgelei word dat 'n proefpersoon slegs met die moeilikhede sukkel wat spesifiek tot kolomoptelling beperk is wanneer die proefpersoon se nommer nie in rye A en B van tabel 11 voorkom nie, want dan ondervind so 'n proefpersoon nie moeilikhede met optelverbindings of met oordraging nie. Die nommers wat in rye A en B van die tabel voorkom, moet dus in ry C geskrap word.

Met hierdie feite in gedagte het die proefnemer toe die volgende finale tabel saamgestel, waarin hy die proefpersone in vier groepe soos volg verdeel het:-

Tabel 13.

Moeilikhede,		Nommers van die proefpersone,
A. Slegs met optel- verbindings,	S 34.	-
B. Slegs met oordraging,	S 8, 9, 10, 14, 16, 20.	M 6, 7, 14, 18, 26.
C. Met beide optel en oordraging.	S 19, 29.	M 3, 8, 32.
D. Slegs met spesifieke kolomoptelling- moeilikhede,	S 32.	M 21.

Hierdie tabel is dan gebruik by die remediërende werk.

Behalwe die klassifikasie van die proefpersone volgens hul moeilikhede, het die proefnemer ook die soorte foute wat die proefgroepe begaan het, geklassifiseer en die oorsake van die foute nagespoor.

Dit is gedoen omdat bekendheid met die foutsoorte wat die proefpersone gemaak het, en met hul oorsake, die proefnemer in staat sou stel om die remediërende werk so in

te rig dat hy aan die proefpersone metodes en werkgewoontes kon leer wat die ou foutsoorte by hulle sou ontwortel.

Die klassifikasie het egter getoon dat 'n individuele diagnose onontbeerlik was beide vir 'n kennis van die moeilikhede en van hul oorsake.

Die klassifikasie van die soorte foute wat beide deur die groepe en die individuele proefpersone begaan is, word weergegee eers nadat die individuele ondersoek beskryf is.

6. Individuele Onderzoek van die Proefpersone. (1)

(a) Die ondersoek van die verskillende groepe deur middel van die diagnostiese toetse is opgevolg deur 'n individuele ondersoek van twaalf proefpersone. Dié proefpersone het bestaan uit twee seuns en twee meisies uit elke proefgroep. Proefpersone wat nie bevredigende uitslae met die Milne-toetse en met die diagnostiese toetse gelever het nie, is gekies.

Die volgende tabel gee enkele besonderhede omtrent die proefpersone:-

(1) Vgl. Brueckner: Diagnostic and Remedial Teaching in Arithmetic, Chapter III: Technique of Individual Diagnosis.

Brueckner: Techniques of Diagnosis (34th Yearbook of National Society for Study of Education, 151).

Greene and Buswell: Testing, Diagnosis, and Remedial Work in Arithmetic (29th Yearbook of the National Society for the Study of Education), 273-276.

Tabel 14:

Klas en geslag	Voorletters,	Ouderdom Jare-Mde.	I.K.	Totaal Milne- toets, 4 hoof- bewerkings Junie.	Normale standerd waarmee prestasio vergelyk: Volgens Milne.
St. III Seuns:	W.G.	10 - 1	111	69	1.4
	K.F.	13 - 5	87	94	1.9
Meisies:	D.C.	11 - 8	92	60	1.1
	S.P.	10 - 5	108	98	2.0
St. IV.					
Seuns:	B.J.	12 - 6	96	139	2.8
	W.B.	12 - 8	100	171	3.6
Meisies:	S.R.	13 - 6	95	108	2.2
	E.E.	12-10	98	100	2.0
St. V.					
Seuns:	R.C.	15 - 7	81	153	3.1
	V.D.	13 - 3	88	77	1.6
Meisies:	M.A.	13 - 6	89	101	2.0
	C.M.	13 - 0	110	169	3.5

(b) Om verskillende redes is die twaalf proefpersone individueel ondersoek. Die volgende kan as die hoof-oorsake gegee word:

(i) As diagnostiese rekentoetse aan proefgroepe gestel word, is daar altyd sekere rekenmoelikhede wat nie aan die lig kom nie. Wanneer 'n proefnemer slegs die skriftelike antwoorde op 'n diagnostiese toets sien, bly baie reaksies van die proefpersone vir hom verborge. Hy kan in so'n geval bv. nie agterkom of 'n proefpersoon 'n hele vermonigvuldigtafel van vooraf moet opsê om uit te vind watter kwosiënt-syfer hy in 'n deelsom moet neerskrywe nie.

Die meeste...

Die meeste foutsoorte wat met kolomeptelling in die diagnostiese toetse begaan is, het dan ook deur die individuele diagnose van die proefpersone onder die aandag van die proefnemer gekom.

(ii) Elke proefnemer wat ervaring het met diagnostiese rekentoetse, weet dat min geïsoleerde foute in die antwoorde voorkom. 'n Verkeerde dinkwyse wat miskien nie dadelik tot 'n foutiewe bewerking lei nie, veroorsaak later in dieselfde som 'n fout in 'n ander gedeelte van die bewerking. Een fout gee gewoonlik aanleiding tot ander sodat gewoonlik nie enkele foute met die somme begaan word nie, maar reekse foute. Die skriftelike diagnostiese toetsantwoorde toon hierdie foutreekse duidelik; dit was dan bv. ook betreklik moeilik vir die proefnemer om die voorbeelde van geïsoleerde foutsoorte wat later in hierdie hoofstuk vir illustrasiedoeleindes verskyn, te vind omdat meer as een foutsoort byna in alle verkeerde somme te bespeur was. Die diagnose van individuele proefpersone het egter die verkeerde gedagtegeange wat foute veroorsaak het en wat nie direk in die skriftelike toetsantwoorde op verklaarbare wyse geblyk het nie, aan die lig gebring en het sodoende baie oorsake van verskillende soorte van foute aan die proefnemer geopenbaar.

(iii) Baie skriftelike toetsantwoorde was so verkeerd dat die soort fout wat begaan is, nie naspeurbaar was sonder 'n individuele diagnose van die werk van die proefpersoon wat die som gedoen het nie.

(iv) Die individuele ondersoek het meer moeilikhede as die toetse aan groepe aan die lig gebring; dit het 'n dieper insig in die aard van die moeilikhede self moontlik gemaak en het die ondersoek van die redes vir die foute vergemaklik en daarom het die proefnemer dit onderneem. Die kennis wat so verkry is, is gebruik om die remediërende werk wat op die diagnose gevolg het en wat in hoofstuk V

beskryf is, meer doeltreffend te maak beide vir die individuele proefpersoon en ook vir die proefgroepe.

(c) Om die individuele ondersoek doeltreffend uit te voer, is vooraf 'n studie gemaak van die sosiale agtergrond en die skoolloopbaan van die verskillende proefpersone wat individueel bestudeer moes word.

Bekendheid met die sosiale agtergrond is verwerf deur besoeke aan die proefpersone se wonings en in hulle omgewing af te lê. Verder is inligting van die klasonderwyser en van die skoolhoof verkry, wat besonder goed met die persoonlike omstandighede van sy skoolkinders op hoogte was.

Vir die studie van die skoolloopbaan van die proefpersone is hul Ed. Lab. I-kaarte gebruik. Die onderwysers is verplig om een van hierdie kaarte by te hou vir elke leerling wat 'n skool van die Transvaalse Onderwysdepartement besoek, en die aard van die inligting wat dit verskaf, is streng vertroulik; daarom is die proefskool en sy individuele leerlinge op so 'n wyse in hierdie proefneming beskryf dat hulle nie geïdentifiseer kan word nie.

Die Ed. Lab. I-kaarte dui aan die proefpersone se geboortedatums, wanneer hulle die eerste maal in die skool gekom het, in hoeveel skole hulle al was en gedurende watter tydperke hulle daar was; hulle gesondheidstoestand is daarop beskryf; die tydperke wat hulle in die verskillende klasse was, die eksamenpunte wat hulle in elke vak in elke klas behaal het asook die I.K. van die proefpersone van wie dit bekend is, kom daarop voor.

Die individuele ondersoek van die proefpersone was nie 'n kliniese ondersoek nie; met ander woorde, geen instrumente, behalwe net die diagnostiese toetse, is gebruik om die rekenmoelikhede te ontbloot nie.

Die proefpersone is een vir een geneem in 'n kamer

waarin geen ander persone teenwoordig was nie. Elke proefpersoon moes toe by 'n tafel aan die regterhand van die proefnemer sit ⁽¹⁾, en die diagnostiese toetse skriftelik beantwoord. Die proefpersone moes gedurig hardop sê wat hulle besig was om te doen. Geen remediërende werk is gedoen terwyl die diagnose aan die gang was nie, maar na voltooiing van 'n som het die proefnemer die proefpersoon omtrent die som ondervra indien dit nodig geblyk het. Op papier wat vooraf vir die doel voorberei is, het die proefnemer alle nodige aantekeninge omtrent die foute, werkgewoontes en oorsake van die foute en verkeerde werkgewoontes van die proefpersone gemaak.

Die metode van toepassing van die diagnostiese toetse het verder dieselfde gebly as vir die groepdiagnose, behalwe dat die volledige toetse nie noodwendig aan elke proefpersoon gestel is nie. Sodra die proefnemer gesien het dat 'n proefpersoon nie verdere voorbeelde van 'n bepaalde soort som kon doen nie, is die proefneming met 'n ander soort voortgesit. Gewoonlik het dit omtrent driekwartier geneem om elk van die proefpersone van st.III te ondersoek. Vir die st.IV-proefpersone is omtrent $1\frac{1}{2}$ uur elk geneem, en omtrent $1\frac{3}{4}$ uur, in twee afsonderlike proefperiodes, om die moelikhede van elk van die vier proefpersone van st.V te wete te kom omdat die st.III-proefpersone net die toetse met onbenoemde heelgetalle, die st.IV-proefpersone die heelgetalle- en gewone breuktoetsreekse, en die st.V-proefpersone al die reekse beantwoord het.

(d) Hier volg 'n beskrywing van die verloop van die individuele proefneming met twee proefpersone. Die een, 'n st.III-leerling, het die heelgetaltoetse gedoen en die ander, 'n st.V-leerling, is met die hele reeks getoets.

(1) Een proefpersoon wat links was, is egter aan die linkerkant van die proefnemer geplaas.

Die gedeeltes wat tussen aanhalingstekens staan, is die juiste woorde van die proefpersone en dit word hier weergegee sonder inagneming van die rekenkundige korrektheid daarvan, om die dinkwyse van die proefpersone te laat blyk. Al die bewerkinge en al die antwoorde op subtoetse wat aan die proefpersone gestel is, word ook nie weergegee nie, maar slegs dié wat gedien het om die skriftolike toetsantwoorde aan te vul en toe te lig.

Die st. III-proefpersoon:

Seun: W.G. Ouderdom: 10 jr. 1 m. I.K.: 111.

Rekenprestasie: St. 1.4.

Skoolloopbaan: Hy was nooit langer as 'n jaar in 'n klas nie, maar is swak in al die vakke.

Sosiale agtergrond:- Die seun wat lyk of hy geen belang in die lewe stel nie, kom uit 'n huisgesin waarvan die vader hom aan drankmisbruik skuldig maak. Die ouer broer wat ook nog in die laerskool is, is herhaaldelik op diefstal betrap en is uit die ouerhuis geneem en na 'n spesiale skool gestuur.

Onbenoemde heelgetalle.

Optelling: Die proefpersoon ken die meeste van die optelverbandings tot totale met 19, maar het die volgende optelmoelikhede:

(i) 34	6
<u> 5</u>	<u>42</u>
39 tel hy reg op, maar by	tel hy die 6 ene
ook by die tiene. Dus kry hy	6
	<u>42</u>
	<u>108.</u>

Oorsaak van die fout in (i): Die proefpersoon verwar die optellings- en die vermenigvuldigingsprosesse,

(ii) Die som	<u>27</u>	word só gedoen:	<u>27</u>
	64		64

181.

Nadat die één tiental oorgedra is, word die 6 vir die proefpersoon...

persoon 'n 16 en hy tel 2 daarby.

Oorsaak van die fout in (ii): Die proefpersoon het 'n uiters swak kennis van plekwaardes en die stelsel van hulpsyfers wat in die skool gebruik word, lei tot foute.

(iii) In die som 7 tel die proefpersoon die 7 eers by die 3. Hy kry 10. Hy skryf die 0 in die ene-kolom van die antwoord neer en skryf die 1 tiental langs die 5 sodat die som daar so uitsien:

$$\begin{array}{r} 7 \\ 153 \\ \hline \end{array}$$

Nou tel hy die 7 van die ene-kolom by die 15 en hy kry 22. Die som is dus voltooi so:

$$\begin{array}{r} 7 \\ 153 \\ \hline \end{array}$$

220

Oorsaak van die fout in (iii): Die proefpersoon verbind die foute in (i) en (ii).

(iv) Met die som 54 tel die proefpersoon die 4 en die 6 bymekaar en kry 10, maar hy skryf die 1 in die ene-kolom van die antwoord neer en dra die nul oor na die tiene. Die som word dus so gedoen:

$$\begin{array}{r} 054 \\ 46 \\ \hline 91 \end{array}$$

Oorsaak van die foutsoort in (iv): Die proefpersoon verstaan die optellingsproses nie. Dit is vir hom 'n bewerking wat hy bloot meganies uitvoer.

(v) Met kolomoptelling begin die proefpersoon soms van onder af en tel boontoe op en die volgende ry word dan van bo af ondertoe opgetel. Hy gebruik altyd hulpsyfers en plaas hulle langs die onderste getal van die volgende ry wanneer hy van onder af optel en langs die boonste getal van die ry waarheen oorgedra word wanneer hy van bo af optel.

Die som word so gedoen:

$$\begin{array}{r} 3676 \\ 296 \\ 932 \\ \hline 4102 \\ \hline 5176 \end{array}$$

Met ander kolom-optelsomme het die proefpersoon vergeet waar hy besig was om op te tel en het ook die totaal wat hy in die middel van die ry en aan die einde daarvan gekry het, vergeet.

Oorsake van die foute in kolomoptelling:

a. Van die optelling in verskillende rigtings.

Die proefpersoon was 'n tydlank in 'n skool waar hy geleer het om altyd van onder af op te tel. Hy verbind nou eenvoudig die twee maniere van optel wat hy ken. Hy varieer die posisie van die hulpsyfer omdat hy beide boontoe en ondertoe optel.

b. Waarom...

b. Waarom hy die totale by kolomoptelling vergeet.

Die proefpersoon se aandagspan breek nadat hy drie syfers bymekaar getel het. Hy word dan ander dinge in die kamer gewaar en vergeet die getal wat vir hom nog altyd iets abstraks gebly het.

Aftrekking:

Die proefpersoon ken die meeste van die aftrekgevalle nie. Gedurende die toets het hy bv. gesê: „5 - 5 = 5”; „0 - 2 = 2”; „17 - 9 = 7” ens.

(i) 35

4
11

Hy doen die som soos volg: „4 van 5 bly 1, 4 van 3 kan nie; neem 3 van 4; bly 1.”

Rede: Hy wil 4 van altwee die getalle van die aftrektal wegneem omdat die vorm van die som hom aan vermenigvuldiging laat dink waar hy beide getalle van die vermenigvuldigtal deur die vermenigvuldiger moet vermenigvuldig.

Hy is nie heeltemal tuis in ontbinding nie en hy beseft nie dat die aftrektal die hoeveelheid voorstel wat 'n persoon het terwyl die aftrekker die hoeveelheid voorstel wat hy moet afgee. Hy trek dus die kleinste getal van die grootste af. Die aftrekproses is vir die proefpersoon 'n blote meganiese bewerking wat hy tot uitvoering bring.

(ii) Met die som ⁵⁴29 het die proefpersoon blykbaar vergeet dat daar soiets soos ontbinding is, want hy trek die 4 van die 9 af en die 2 van die 5; so: ⁵⁴29

35

(iii) By die som ⁶⁴³317 het hy egter aan ontbinding gedink en die som op die volgende wyse gedoen: „7 van 3 kan nie. Ek moet een leen.” Hy haal die 4 deur en skryf 'n 1 daarbo om te toon dat die getal nou een minder is. Toe plaas hy 'n 3 langs die een om te toon dat die getal nou 'n 3 is en links van die 3 van die ene-kolom skryf hy 'n 1 om te toon dat dit nou 13 is. Toe lyk die som so:

$$\begin{array}{r} 131 \\ 643 \\ \underline{317} \end{array}$$

Hy begin toe weer aftrek en sê: "13 van 7 is 5". Hy skryf die 5 in die ene-kolom van die antwoord neer en vervolg: "13 van 1 is 12"⁽¹⁾. Hy skryf die 12 in die tiene-kolom van die antwoord neer en sê: "6 van 3 is 3", en skryf die 3 in die honderde-kolom van die antwoord neer. Die som sien daar

toe so uit:

$$\begin{array}{r} 131 \\ 643 \\ \underline{317} \\ 3125. \end{array}$$

Na hierdie som het die proefnemer hom die vermenigvuldigtoets laat doen.

Oorsake van die moeilikhede met (ii) en (iii):

- Die proefpersoon ken die aftrekgevalle nie.
- Hy verstaan die aftrekproses nie.
- Hy het geen kennis van plekwaardes nie.
- Hy het nooit deur mondelinge werk geleer om die regte rekentaal te gebruik nie.
- Die aftrekproses bly vir hom slegs 'n bewerking wat hy meganies uitvoer. Daar is te min gebruik gemaak van hulpmiddele toe die aftreksomme aan hom verduidelik is.
- Die hulpsyfers verleen geen hulp aan die proefpersoon nie, maar is vir hom misleidend.

Vermenigvuldiging:

(i) Die proefpersoon ken nie die vermenigvuldigtafels nie. 6×8 , 6×9 , 7×8 , 7×9 , 8×6 , 8×7 , 8×9 , 9×6 , 9×7 , 9×8 en 9×9 gee hom die meeste moeite.

(ii) Waar geen oordraging nodig was nie, kon hy die somme, soos 23, doen.

$$\begin{array}{r} 3 \\ \underline{69} \end{array}$$

(iii) Die som $\underline{5}^{17}$ het hy soos volg gedoen:

$$\begin{array}{r} 317 \\ \underline{5} \\ 205. \end{array}$$

"5 sewes is 35". Hy skryf die 5 in die ene-kolom van die produk

(1) Die woorde van die proefpersoon word presies weergegee.

neer en die 3 langs die 1. Nou tel hy die 3 en die 1 bymekaar en kry 4 , "5 viers is 20".

(iv) Som $\begin{array}{r} 19 \\ 4 \end{array}$ het hy ogter anders gedoen, nl. so:

$\begin{array}{r} 6 \\ 19 \\ 4 \\ \hline 283 \end{array}$ "4 neges is 36". Hy skryf die 3 in die ene-kolom van die produk en die 6 langs die een. "6 en 1 is 7, vier sewes is 28".

Oorsake van die foute in (iii) en (iv):

- a. Hy het geen kennis van plekwaardes nie.
- b. Die hulpsyfers belemmer sy werk.
- c. Die proefpersoon moes vroeër meer praktiese vermenigvuldiging met konkrete hulpmiddele gedoen het.

(v) By vermenigvuldiging met 2 syfers waarin geen oordraging nodig is nie, het die proefpersoon soos volg te werk gegaan: $\begin{array}{r} 23 \\ 13 \\ \hline 2369 \end{array}$ Hy het eers met die 3 vermenigvuldig en toe met die 1 en die syfers van sy produkte van regs na links langs mekaar neergoskrywe.

(vi) Waar oordraging nodig is, het hy dieselfde tegniek van (v) gebruik, maar die foutsoort van (iii) daarmee verbind. Die som $\begin{array}{r} 25 \\ 34 \\ \hline 155160 \end{array}$ het hy só gedoen:

Die proefnemer het hom toe met deelsomme laat begin.

Oorsake van die verkeerde tegniek van (v) en (vi) is:

- a. Die proefpersoon het geen kennis van plekwaardes nie.
- b. Die vermenigvuldiging is vir hom 'n bewerking wat hy bloot meganies uitvoer sonder dit te verstaan.

Deling:

(i) Die proefpersoon ken die deeltafels nie.

(ii) Kortdeling met ene van deeltalle wat 'n res laat oorbly, vind hy besonder moeilik, bv. $7 \overline{) 55}$ 8 r 5."

Hy probeer blykbaar nie uitrekken nie, maar skat sommer die antwoord.

(i) Somme van die aard $2 \overline{) 46}$ kon hy doen.

(ii) Hy het ook nie veel nulmoelikhede met deling

ondervind nie, solank daar geen oordrag^{ing} was nie; somme soos $2 \overline{) 60}$ en $2 \overline{) 240}$ het hy bv. reg gedoen.

(iii) Sodra oordraging noodsaaklik geword het, het sy moelikhede begin; som $4 \overline{) 772}$ het hy bv. soos volg gedoen: $4 \overline{) 772}$ "4 gaan in 7, 1 maal". Hy skryf die 1 in die honderdekolom van die kwosiënt neer en die 3 links bokant die 7 van die tiene-kolom in die deeltal. "3 en 7 is 10; 4 in 10 gaan 2 maal. Die 2 word in die kwosiënt geplaas en op die proefnemer se vraag hoeveel oorbly, sê hy: "2", en plaas die twee links bokant die twee in die deeltal. "2 en 2 is 4; 4 in 4 gaan 1 maal."

Oorsaak van die foutsoort van (iii):

Die proefpersoon het geen kennis van plekwaardes nie.

(iv) Met langdeling het die proefpersoon nie ver gekom nie,

Die som $23 \overline{) 483}$ het hy soos volg gedoen: $23 \overline{) 483}$

Hy het die 4 deur die 2 gedeel en toe "2 x 2" gesê en die 4 onder die 4 van die deeltal geplaas. Toe het hy die 8 deur die 3 gedeel. Hy het toe "3 x 2" gesê en die 6 onder die 8 geskryf. Toe het hy afgetrek en die 2 links van die 3 in die deeltal geplaas. Hy gaan toe voort: "2 en 3 is 5", maar toe geneem van die twee syfers van die deler in 5 gelykop wou indeel nie, sê hy dat hy die som nie kan maak nie.

Die proefnemer het na die persoonlike ondersoek van die proefpersoon tot die oortuiging gekom dat gewone remediërende werk wat bedoel is om verspreide moelikhede met bewerkinge reg te stel en leemtes in die kennis van leerlinge te vul, hierdie proefpersoon nie veel sal help nie. In sy geval en in dié van ander proefpersone wat net so swak soos hy met die Milne-toetse presteer het, sou 'n alles insluitende remediërende program wat oefening in al die werkprosesse van die hoofbewerkinge gee, noodsaaklik wees. 'n Verbetering van die

huislike omstandighede van die proefpersoon sou hom in staat stel om sy goeie intelligensie in sy skoolwerk te gebruik.

Die St,V-proefpersoon:

Seun: R.C. Ouderdom : 15 jaar 7 m. I.K. 81.
Rekenprestasie St.3,1.

Skoolloopbaan: Die proefpersoon het in graad II en st,II gedruip en is taamlik swak in al die vakke.

Sosiale agtergrond: Die proefpersoon kom uit 'n huis waar hy goed versorg word. Die vader is 'n skilder en die seun wil passer en draaier word. Sy gesondheid is goed, hy is lewenslustig en 'n goeie rugbyspeler.

Die proefpersoon is links en is gevolglik aan die proefnemer se linkerkant geplaas.

Onbenoemde heelgetalle.

Optelling:

(i) Die proefpersoon ken die optelverbindinge, maar begaan soms foute daarmee deurdat hy agtelosig is, bv. $8 + 6 = 13$

(ii) Die proefpersoon het nie veel moeilikhede met optelling nie, maar gebruik nog hulpsyfers en, miskien omdat hy met sy linkerhand skryf, plaas hy hulle regs van die kolom waarna oorgedra word, bv.

$$\begin{array}{r} 26 \\ 8 \\ \hline 33 \\ \hline \end{array} \quad \text{en} \quad \begin{array}{r} 22 \\ 36 \\ \hline 19 \\ \hline 77 \end{array}$$

Aftrekking.

(i) Die proefpersoon ken baie van die aftrekgevalle nie. Dit laat hom baiekeer twyfel, soos bv. in die som $\overset{75}{35}$. Hier het hy gesê: "5 min 5 kan nie, leen een". Toe hy egter wil ontbind, sien hy sy fout en doen die som reg.

(ii) Die proefpersoon kry die meeste aftreksomme reg, maar werk op 'n omslagtige manier met hulpsyfers en gebruik 'n groot hoeveelheid woorde. Dit toon dat hy nog nie die aftrekbewerking baasgeraak het nie.

Vermenigvuldiging.

(i) Die proefpersoon ken die vermenigvuldigtafels.

(ii) Hy vermenigvuldig sonder moeite, maar gebruik nog hulpsyfers en 'n swak stelsel boonop. ²¹

$$\begin{array}{r} \text{Bv. die som } 34 \text{ word so gedoen:} \\ 25 \\ \underline{34} \\ 750 \\ \underline{100} \\ 850. \end{array}$$

Deling:

(i) Die proefpersoon ken die deeltafels, maar moet lank dink voordat hy die regte antwoord gee.

(ii) Deling met een getal doen hy goed behalwe dat hy hulpsyfers gebruik. Hy kan nie getalle visualiseer nie en die getalname wat hy onthou, het vir hom geen betekenis nie. Hy moet alle syfers dus neerskryf.

(iii) By langdeling het hy lank gesoek voordat hy die regte kwosiëntsyfers gekry het.

In die som $44/\overline{1008}$ bv. het hy verskillende kwosiëntsyfers probeer voordat hy die 2 in die kwosiënt geplaas het. Verder het hy die deelsom reg gedoen.

Die proefnemer se bevinding was dat die proefpersoon oefening moet kry in al die hoofbewerkings en dat sy werkmodes vergemaklik moet word met uitskakeling van sy onbeholpe stelsel van hulpsyfers.

Gewone Breuke.

Optelling.

Met uitsondering van besyferingsfoute kon die proefpersoon die meeste van die optelsomme doen, maar op omslagtige maniere soos die volgende voorbeelde toon:-

(1) $\frac{1}{3} + \frac{1}{3}$ „Die K.G.V. van 3 en 3 is 3”.

Dan skryf hy die gemene noemer neer: $= \frac{\quad}{3}$

„3 deel in 3 in eenkeer, $1 \times 1 = 1$ ”, en hy plaas die 1 bo die lyn; so: $\frac{1+}{3}$

„3 deel in 3 in eenkeer, $1 \times 1 = 1$ ” en hy plaas die tweede 1 in posisie; so: $\frac{1+1}{3} = \frac{2}{3}$.

(ii) Die som $6 + \frac{1}{5}$ het hy soos volg gedoen.

$$\begin{aligned}
 & 6 + \frac{1}{5} \\
 &= \frac{6}{1} + \frac{1}{5} \\
 &= \frac{30 + 1}{5} \\
 &= \frac{31}{5} \\
 &= 6\frac{1}{5}.
 \end{aligned}$$

(iii) Hy varieer die metodes ietwat in die volgende som:-

$$\begin{aligned}
 & 4\frac{3}{7} + \frac{2}{7} \\
 &= 4 \frac{3+2}{7} \\
 &= 4\frac{5}{7}.
 \end{aligned}$$

Dieselfde redeneerproses word by die breukgedeelte van som (iv) as by som (i) gebruik.

Aftrekking:

By aftrekking het die proefpersoon dieselfde omslagtige metode as by optelling gevolg, soos die volgende voorbeeld toon:

$$\begin{aligned}
 (i) \quad & 9\frac{4}{5} - 5\frac{3}{5} \\
 &= 4 \frac{4-3}{5} \\
 &= 4\frac{1}{5}.
 \end{aligned}$$

In die som (i) is die gemene noemer bereken en die $\frac{4}{5}$ en $\frac{3}{5}$ is net soos in die optelsumme tot $\frac{4}{5}$ en $\frac{3}{5}$ respektiewelik herlei. Die proefpersoon het die antwoord egter reggekry.

(ii) Sodra die proefpersoon heles moes ontbind, het hy teen 'n moeilikheid gestuit wat al sy somme verkeerd laat uitloop het, soos die volgende voorbeelde toon:-

$$\begin{aligned}
 & 3\frac{5}{8} - 1\frac{7}{8} \quad \text{en} \quad 5\frac{1}{2} - 4\frac{3}{4} \\
 &= 2 \frac{5-7}{8} \quad = 1 \frac{2-3}{4} \\
 &= 1 \frac{15-7}{8} \quad = 0 \frac{12-3}{4} \\
 &= 1\frac{8}{8} \quad = \frac{9}{4} \\
 & \quad \quad = 2\frac{1}{4}.
 \end{aligned}$$

Die volgende fout is in beide die bostaande twee somme begaan. As die proefpersoon 'n hele ontbind en hy herlei dit tot ...

dit tot 'n breuk, dan maak hy die teller van die herleide breuk altyd 10, afgesien van wat die noemer ookal is.

